

4 Junie

Skrifgedeelte: Openbaring 19:11-16
Fokusgedeelte: Openbaring 19:13

Soek Christus in sy totale openbaring

Waarom wil ons so graag 'n prentjie van Jesus maak? Baie keer maak ons hierdie beelde van Jesus sodat ons Hom met ons gedagtes kan vasvat en daardeur vir ons sak pasmaak. Christus moet buig na dit wat ek – onregverdige, sondige mens –as regverdig bepaal! *Jesus is liefde en daarom moet Hy almal op aarde red! Dis onregverdig as iemand sê dat nie almal gered gaan word nie.*

Jesus Christus in diens van my – sy skepsel! Is dit nie 'n belaglike stelling nie? Die Skepper in diens van sy skepsel! Dis verdraaide idees van Wie Christus is, maar so hou ons maar aan om elkeen ons eie prentjie te maak van wie Hy vir *my* moet wees!

Weet jy, die Here het sy eie duidelike prentjie geteken van Wie Hy is, die probleem is ons kan dit nie in een bladsy se tekening of gedagte vasvang nie. Want Wie Hy is, vat 'n baie dik swart boek (die Bybel) om ons te verduidelik en dan ken ons steeds maar gedeeltelik, met die hoop om eendag ten volle te ken soos ek ten volle geken is (1 Kor. 13: 12).

Jesus Christus is die Woord van God, soos Hy ook in ons teksgedeelte, maar ook in Johannes 1:1 en 1 Johannes 1:1 beskryf word! Hy is die Woord wat vlees geword het en onder ons kom woon het. Die Ou Testament het vertel dat Christus sou kom en die Nuwe Testament stel Hom aan ons voor.

Gebruik dan die Woord van God om die Woord van God te leer ken! Moet jouself nie verlaat op eensydige, self gevormde perspektiewe nie. Verlaat jouself op die Woord van God, want dieselfde Christus wat wonderwerke gedoen het, siekes gesond gemaak het en dooies laat opstaan het, is ook die Christus wat weer op die wit perd kom, wie se oë vlam en wie se kleed met bloed bevlek is. Aanbid Hom! Soek Hom in sy totale openbaring. Christus is die Woord van God!

Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2

Ds. D (Dirk) Kotzee (Gobabis)